*Dinsdag* **29 Julie**

**Skrifgedeelte: 2 Konings 5:1-3, 9-19**
**Fokusgedeelte: 2 Konings 5:9-12 (AFR53/2020)**

**Reageer in die geloof**

Die Here, die almagtige God, spel sy verwagtinge aan ons baie duidelik uit in sy Woord. Hy verwag dat ons in die geloof sal reageer, sy Woord in die regte gesindheid sal ontvang en sy opdragte sal gehoorsaam. Ons verwagtinge behoort in lyn met die van God te wees.

Nie by Naäman nie. Hy reageer verergd op God se Woord deur die profeet as hy na hom toe kom om genees te word van sy ernstige velsiekte. Hy het verwag dat Elisa persoonlik die genesingswoord aan hom sou oordra terwyl hy bepaalde rituele daarmee saam sou uitvoer. Elisa stuur bloot sy slaaf na hom as 'n gesiene man met groot invloed (5:1). Hy verdien om beter hanteer te word. In hoogmoed verwerp hy die Woord van die Here.

Naäman is ook nie tevrede met Elisa se opdrag om hom sewe keer in die Jordaan te gaan was om liggaamlik genees en rein te word nie. Daar is tog, so meen hy, baie groter en skoner riviere in sy land as die onindrukwekkende Jordaanrivier. Hyself sal kies hoe hy genees moet word. Hy weier om die opdrag van die Here uit te voer. Hoogmoed en eiewilligheid maak hom aanvanklik blind vir God se wondergenesing.

Hoogmoed en eiewilligheid veroorsaak dat:

- Jy altyd beter weet en nie bereid is om in ootmoed die ingeplante Woord van God te ontvang nie (Jak. 1:21).
- Jy nie bereid is om in geloof die Woord van God, Jesus Christus self, wat volkome genees, in die geloof te ontvang nie.
- Die Woord, inteendeel, sulke harte verhard (Jes. 6:9, 10).

Genadiglik kom daar omkeer by Naäman. Hy besef nou Wie die ware God is (vs 15). Hy bring sy verwagtinge in lyn met God se verwagtinge. Hy word genees as Hy van sy hoogmoed en eiewilligheid ontslae raak. Hy is nou bereid om in die regte geloofsgesindheid God se Woord en werke van genesing te ontvang en te gaan uitleef (v 17-18).

*Sing: Psalm 103-1:1, 2*

*Ds. HG (Garrie) Schutte (Emeritus)*